**KENNISGEWING: VOORSIENINGSKANAALBESTUUR**

**UITNODIGING AAN ALLE VOORNEMENDE VERSKAFFERS VAN GOEDERE EN DIENSTE OM OP OVERSTRAND MUNISIPALITEIT SE DATABASIS GEAKKREDITEERDE VAN VERSKAFFERS TE REGISTREER**

In nakoming van die Voorsieningskanaal Bestuurs Regulasies en die Overstrand Munisipaliteit se Voorsieningskanaal-bestuursbeleid, moet alle geakkrediteerde verskaffers van goedere en dienste op Overstrand Munisipaliteit se databasis van geakkrediteerde diensverskaffers geregistreer wees. Vir inligting rakende Wetgewende vereistes en Overstrand Munisipaliteit Voorsieningskanaal-bestuursbeleid, besoek ons webwerf by: www.overstrand.gov.za.

Aansoekvorms, in Engels, is beskikbaar by die kantoor van die Voorsieningskanaalbestuurs-eenheid, Overstrand Munisipaliteit, Musselstraat 5, Hermanus, asook by die kantore van die Area Bestuurders by die Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond Administrasies. Alternatiewelik kan die aansoekvorm via ons webwerf www.overstrand.gov.za afgelaai word.

Diens/produkverskaffers se aansoeke moet op die voorgeskrewe vorms ingedien word en van die volgende dokumentasie vergesel wees:

- Bewys van registrasie as 'n maatskappy/ beslote korporasie
- Gesertifiseerde ID afskrifte van alle lede/direkteure van die maatskappy of eenmansaak
- Oorspronklike geldige Belastingklaringsertifikaat
- Bewys van BTW-registrasie, indien van toepassing
- Bewys van registrasie by die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB), indien van toepassing
- Akkrediteringsertifikaat indien verkoper van IT-toerusting
- Bankbesonderhede (tesame met 'n oorspronklike gekanselleerde tjek/ bankstempel of oorspronklike brief van finansiële instelling)
- ‘n Oorspronklike en geldige B-BSEB status verifiëring sertifikaat of 'n gesertifiseerde afskrif

Alle verskaffers wat reeds geakkrediteer is, moet verifieer dat alle inligting op datum is. Geliewe asseblief ook te verseker dat u ‘n opgedateerde oorspronklike, geldige belastingklaringsertifikaat indien na die verstryking van die huidige belastingklaringsertifikaat, ten einde u geverifieerde status op die Overstrand Munisipaliteit Verskaffers Databasis in stand te hou. Geakkrediteerde verskaffers is verantwoordelik om hierdie departement in kennis te stel van enige verandering in u onderneming se inligting, insluitend die bank besonderhede, adres, verklaring van belange, ens.

Navrae kan gerig word aan: **Me Ingrid Thesen by Tel: 028 313 8152**

Aansoeke kan geadresseer word aan:

Overstrand Munisipaliteit
Me I Thesen
Voorsieningskanaalbestuur
Posbus 20, **HERMANUS**, 7200 of Musselstraat 5, **HERMANUS**, 7200

R La Cock

**SENIOR BESTUURDER: VOORSIENINGSKANAALBESTUUR**

**MAART 2013**